

HOOFSTUK 6.

GROEP B.

VERGELYKINGE BY WERKWOORDE.

AANKOM.

Soos aasvoëls êrens aankom (direk na ete vertrek); vgl. Sy lyf aasvoël hou by Malh. III.

'n Boer is nes 'n aasvoël; as hy gepik het, vlieg hy weg (baie algemeen, ook nog onder die Boere in Argentinië bekend); 'n Variant hiervan word deur Von Wielligh genoem (Ons Geselstaal 265): **Hy** maak soos 'n aasvoël, versadig geëet, dan vlie hy weg (Transvaal).

Soos 'n setlaar êrens aankom.

Êrens aankom soos 'n hond wat vet gesteel het (beskaamd). Vgl.: *Er kommt an wie die Hund van Labian* (langsam) (Frischb. 9).

Êrens aankom soos brommers by gekookte kool. Vgl. „Nes vliege by die suikerpot, kom nou die vryers aan” (Oom Jan in „Di Patriot”).

Êrens uitslaan soos masels by 'n vark (baie onverwags daar arriveer).

Soos 'n donderweerpadda êrens inval (totaal onverwags).

Êrens aankom soos 'n vark by 'n Jodebruilof; vgl. *Er kam an, wie die Sau im Judenhau* (Sandv. 2). Kyk vir soortgelyke uitdrukkings by „welkom”.

AANSUKKEL.

Soos 'n gekweste bok, soos 'n siek skaap, soos 'n siek hoender. „Afrikaans moes aansukkel soos 'n siek hoender” (D. F. Malherbe in die „Cape Times” 1909).

AGTEROORSLAAN.

Soos 'n skotskar (van verbasing); soos 'n meerkat.

AGTERVOLG.

Jy agtervolg my erger as my gewete.

Iemand agtervolg soos 'n klomp mossies 'n uil; kyk vir soortgelyke uitdrukkings by „voel”.

„Die dienders is tegenswoordig achter die kinders net als een Bastiaan achter die sterretjies' (Volksbl. 8 Jan. 1862). Die basjan is nl. 'n swart seevoël wat gedurig die sterretjies, klein bont strandvoëltjies, agternasit." (J. Du P. Scholtz in T.W.K. 14-7).

Iemand agtervolg soos sy skaduwee. Baie algemeen, vgl. Latyn: *tamquam umbra prosequi*.

BARS.

Jy sal bars soos 'n raap; . . . soos 'n ballon; . . . soos 'n bottel (vgl. *al bars die bottel*). Meestal skertsend in die gemeensame omgangstaal gebruik.

BAKLEI.

Baklei soos twee Afrikanerbulle; . . . soos twee hoenderhane; . . . soos Kaapse Hotnots; . . . soos 'n bulhond. Vgl. *vechten gelyk de hanen, de honden, een Turk*. (Joos 23).

BEGEER.

Hy is agter geld soos die duiwel agter 'n siel; vgl. *Hy zit 'r op as de duvel op 'n zijl* (Hy laat geene gelegenheid voorbygaan als er wat te verdienen valt) (Molema 313); *Er lauert wie der Teufel auf eine arme Seele* (Sandv. 35, Eck. 310); *Hê sit d'r up as de düfel*: drijft door (Molema 313); heel gewoon in Bredero se klugte: „ . . . as ien duyvel op ien ziel."

Na iets verlang soos 'n vark na semels (Volksrust); . . . soos 'n vark na karringmelk (Ermelo); vir iemand kyk soos 'n windhond vir 'n wors (Zeerust). Vgl. *Naar iets verlangen gelijk een hond naar lever* (Joos 24); *Einen ansehen wie die Krähe ein Krankes Ferkel* (Frischb. 10, Eck. 310); *Er sieht darauf wie ein Hund auf eine kranke Kuh* (Wander 2-890); *He lürt wi de Hund op de dōdige Koh* (Eck. 310, Frischb. 163).

Gek na iets wees soos 'n mossie na hawersaad. Vgl. *Springen gelijk een bok op eenen haverzak* (Joos 21); „Daar zit hij op te loeren als de bok op de haverkiste (Bartje' 160); „The Police were after me like a bird after seed" (Uit 'n populêre Engelse tydskrif).

Na iets verlang soos 'n Hotnotskind na 'n lang lekker (of: na 'n vals mondfluitjie) (Springbok).

BEHANDEL.

Iemand soos 'n hond behandel; Vgl. *Iemand behandelen gelijk eenen hond, een beest*. (Joos 12).

Met iemand of iets handel soos met eiers (baie versigtig); vgl. *Iemand behandelen gelyk een ei*. (Joos 12).

Iemand handel soos 'n Kaffer, . . . soos 'n koning.

Met iemand handel soos 'n kat met 'n muis. Reeds sewentiende-eus. 'n Vrou wat mishandel word sê van haar man: „Och hij leeft met mijn als de kat met de muys” (Van Moerk. bl. 253).

BEEF.

Beef soos 'n riet (algemeen); **soos 'n blaar aan 'n boom.** Vgl. „Sy bewe soos 'n riet in die slag van die wind.” (Uit my ou Vrystaat). Reeds Middelnederlands; „Al die werlt bevede gelijc een blat op enen boom” (sien St. 1-93); sewentiende eus „t lijf trilt mij als een lover” (Van Vloten 452); *beven gelijk een riet, een loover, een blad* (Joos 12, Harreb. 1-60); *Trillen as 'n rusk* (riet), *'n blad* (Molema 167); *Er zittert wie Espenlaub* (Frischb. 290); *Hai biewet as en Aespenlauf* (Eck. 39); *rerren as een riet* (Kinderen van ons Volk 193).

Bewe soos 'n hond wat natgereën het. Vgl. „staan bibberen as een nat hondje” (M. Gyzen's Jeugd); *beven gelijk een oude juffrouws-hond* (Joos 12); In die sewentiende eeu „Ik beef as een Duffers Honkje” (Van Moerk. 318).

Bewe soos 'n reisieperd; . . . soos 'n tandarts se stoel; . . . soos jellie op 'n vurk. Vgl. „blubberend als een maizenapuddinkje in een rydende restauratiewagen” (De Telegraaf 1/11/'36).

Bewe soos 'n vasgekeerde muis. Vgl. „wat my vertrap en soos 'n muis in die hoekie van angs laat bewe” (Sekelmaan 15).

Beef soos 'n kersvlam; . . . soos kwiksilwer. Vgl. *Dansen als eene stalkeers* (Joos 14).

Hy het gebeef soos 'n blok hout (ironies gebruik): vgl. *Hij beeft ale een loode deur.* (Tuinm. 2-93); *Ik beef van schrik, als een morgen lands van 't pikken van een kraai* (De. C.—Gebruiken—321).

BEMIN.

Iemand liefhê soos die appel van jou oog; . . . soos jou eie siel. Vgl. *Liefhebben als den appel der oogen* (Laurill. 80). Vir soortgelyke uitdrukkinge in Frans, Engels en Latyn sien Stoett 1-42. In die sewentiende eeu: „k Hebbet seker so lief as 't hert selfs in men lijf” (V. Moerk. 164).

In T.W.K. 14-28 skryf J. du P. Scholtz die volgende: „Onder die ouer geslag in die Boland is nog bekend—Hy het haar net so lief as 'n ou perd sy moer, d.w.s. in die geheel nie. Vgl. Tuinm.—1-91: Hij heeft haar so lief, als een oud paard zijn moer.”

Waarskynlik verwant aan genoemde uitdrukking is die volgende wat te Philippolis gehoor is: **Hy het vir godsdiens net so min respek as 'n tweejaaroud bulkalf vir sy moer.** Ook in Duits is hierdie gegedde oorbekend, vgl. hfst. 4.

BEWAAR.

Iets bewaar soos goud; . . . soos 'n stukkje bruidskoek. Laasgenoemde hang saam met die volksgeloof en hou geen verband met die volgende Nederlandse uitdrukking nie, waar die bedoeling klaarblyklik ironies is: *Dat moet je bewaren as spekkoeke* (Boeken. 92); *Hij spaart dat als bagijnenkoek*. (Bagijnenkoek en wijn uit Paters vaatje, plegen van de slechtste soort niet te zijn) (Tuinm. 2-44).

BLAAS.

Blaas soos 'n pofadder (algemeen); vgl. *Se blöst as 'ne adder* (Otter) (Ist wütend) (Eck. 53); *He puhst wie e Otta* (er athmet wie eine Otter) (Frischb. 114).

Blaas soos 'n gekweste buffelbul (Vryheid); . . . **soos 'n jongos.** „Sy asem blaas geweldig, soos 'n jong bees wat vir die eerste keer 'n juk dra” (Op Veld en Rande 20).

Blaas soos 'n (hees) makou. Vgl. *Blazen als een kapsend* (Kaaapsch eënd) (Kous.)

Blazen gelijk een veenmol, een vuurduivel: van een peerd (Joos 12).

Blaas soos 'n walvis. Vgl. „Blazend en puffend als een noordkaper” (Wilde Vaart 31).

BLINK.

Blink soos 'n bottel (Stormberg, Somerset-Oos).

Blink soos 'n padda in die maanskyn. Vgl. *die juffer blinkt als een padda by nacht* (ze is leelijk) (De C.—Vr. 208); *glimmen as 'n honnekeutel in de moaneschien of: in duustern* (dof zijn) (Molema 166).

Blink soos 'n kaal kop in die maanskyn; . . . soos 'n kaal kop wat met hoendervet gesmeer is. Vgl. *Er glänzt wie ein Pomuchelskopf im Mondschein*. Er ist ‚geschmegelt und gebugelt’, hat sich das Haar stark pomadiert. (Frischb. 91).

Blink soos spek (vet, botter). Vgl. *ze blinkt gelijk een hesp* (De C. Vr. 85; Joos 12).

Blink soos 'n spieël (dikwels van 'n dame se neus gesê); **So blink soos 'n swaard, soos goud, die son, 'n diamant, sy;** aan verskillende tale gemeen; almal in Nederlands bekend, vgl. Joos 12.

Blink soos 'n nuwe sikspens (kyk by ‚lyk’); **blink soos 'n ploegskaar.** Sewentiende-eeus: „se blinckt as ien becken” (Van Moerk. 54).

So blink soos 'n (gelekte) kat; . . . soos 'n springhaas se oë. In die klugte uit die sewentiende eeu: „Sij glom van bosicheyt, gelijk een kat van vuyr” (van Moerk. 152); „Ze glom van minne as de kat van hels vuyr” (van Moerk. 84).

Blink soos 'n resiesperd, . . . 'n slagos. Kyk by die byv. nw. ,blink'.

Haar gesig blink soos oorlede Moses s'n. Hierdie skertsende toespeling op die Bybelverhaal het al oor die hele land ingang by die volksmassa gevind. Dit is o.a. oorbekend op die volgende uiteenliggende plekke: Springbok, die hele boland, Brits, Warden, Heilbron, Jansenville, Springs, Laingsburg, Cathcart. Kyk verder by hfst 3(g).

BLOEL.

Bloei soos 'n vark wat keelafgesny is. Vgl. Ned. *Bloeden ge'ijk een zwijn, een verken, een rund* (Joos 12); Hgd. *Er blutet wie ein Schwein* (Wander 1-413).

BLOOS.

Bloos soos 'n bruid in 'n bad; vgl. Hgd. *Sie blüht wie ein Weib, das aus dem Bade kommt* (Frischb. 31).

Vir Ned. *Zij bloost gelijk eene roos* (Joos 12) en Hgd. *Sie blüht wie eine Rose im Rinnstein* (Frischb. 31) vergelyk Afr. **blosend** soos 'n roos.

Bloos soos 'n skooldogter; vgl. *een kleur krijgen als een jonge juffrouw* (De C. Vr. 244).

Bloos (meestal: gloei) soos 'n kool vuur; vgl. *Hä süht út as en wille Für* (blühend). (Eck. 26).

BRAND.

Brand soos vuur, soos 'n kool vuur, 'n bakoond, die hel. Almal baie algemeen en in Nederlands bekend. Vgl. Joos 12. In die klugte van die sewentiende eeu bv.: „Ick hebje lief, men hart brant as een oven” (Van Moerk. 159).

Dit brand soos 'n netel ('n brandnetel). Vgl. Hgd. *Das brennt wie eine Nessel* (Wander 1-461).

Dit brand soos gif; vgl. Hgd. *Es brennt wie Gift* (Frischb. 36).

Iets brand soos 'n fakkel; vgl. Hgd. *Brenne wie eine Fackel* (Gottsch. 42).

Dit brand soos die braambos van Moses. Kyk by hfst. 3(g). Vir Ndl. *Branden als een lier*, vgl. St. 1-559.

BREEK.

Dit breek so maklik soos glas, soos 'n vuurhoutjie. Vgl. *Breken gelijk ne solferstok, gelijk glas, een stoksken hout* (Joos 12).

BROM.

Brom soos 'n by; soos 'n by in 'n kalbasdop (Springbok); **Brom** soos 'n volstruis; gedurig brom soos 'n oujongkêrel. In Ned. is bekend: *Brommen* (grommen) als een oud schaap (Kous.).

BRUL.

Brul soos 'n briesende bul; . . . soos 'n bees wat bloed ruik. „Dar hôr oens net gebreul sôs Satang, hier agter oens” (Uit die Griekwataal—Die Huisg. 19/5/'39).

BUIG.

Buig soos 'n knipmes (besonder beleefd, onderdanig); ook Ndl. *Buigen* als een knipmes (Van Dale 850).

Buig soos 'n boog, . . . 'n sambok, . . . 'n lat.

DANS.

Dans so lig soos 'n fee (algemeen).

Dans soos kraanvoëls in 'n mielieland; . . . soos 'n dronk makou (Vryheid); . . . soos 'n volstruiskuiken; . . . soos 'n beer (aap) op 'n warm plaat. Joos (bl. 13) noem *dansen* *gelijk eene pop, een aap, eene stalkeers*. Vir laasgenoemde vgl. Afr. *flikker* soos 'n stalkers.

Ironies word gesê: **Dans** so liggies as 'n olifant of **dans** soos 'n **gans** (waar rymdwang die belangrikste faktor is).

DRAAI.

My kop draai soos 'n tol (baie algemeen); vgl. *Mijn hoofd draait als een tol—zijn kop liep als een tol* (St. 1-364). Uit die klugte: „Mijn hoofd draait mij ghelijc eenen toppe” (Van VI. 1-107); Hgd. *Er dreht sich wie ein Brummkreis* (Frischb. 48).

Soos 'n aasvoël om 'n nooi draai.

Hy draai nes 'n windpomp; . . . nes die haan op die kerktooring (hy verander lig van sienswyse); vgl. *Draaien gelijk een windmolen* (Joos 13) en *Hij draait als een haan op den toren* (Welters 90); Hgd. *Er dreht wie 'ne Wetterfahne* (Bier 48).

Draai soos 'n kurketrekker, . . . 'n skroef; . . . 'n koedoehoring. By die Griekwas: *Die wêreld draai met man sôs koedoehoring*: gebruik as dinge verkeerd loop (Rademeyer 105). Vgl. in „Ampie” bl. 118: „'n krulkuif, soos 'n bokramhoring”.

DRAF.

Draf soos 'n duiker (algemeen); . . . soos 'n ,heknie'; . . . soos 'n gespande perd.

Draf soos 'n miskruier op 'n afdraend (met 'n eenaardige aksie) (Ladysmith).

DRINK (SUIP). Kyk ook by DRONK.

Suip soos 'n os; **drink** soos 'n bees (Carolina, Zeerust); Vgl. Vls.: *Drinken gelijk 'n beeste* (Teirl. 1-370).

Hy drink brandewyn soos 'n koei water. Vgl. *Jenever drinken gelijk eene koe water* (Joos 13; Teirl. 1-370); *Zij drinkt als een koe*; dat is met een teugje seffens, goelijkjes van een vaam (zo beskryf men een zuipster) (De C.—Gebr. 326); *drink gelijk 'n kalf, koe* (Teirl. 1-370); *zoepen as 'n poepse kou: veel drinken, zuipen* (koe of varken uit Drenthe of Overijssel afkomstig) (Molema 330).

Hy drink soos 'n perd op 'n afdraend (Springs). Vgl. *Er sauft wie eine ackermähre* (Frischb. 35).

Drink (suip) soos 'n vis, dikwels met die toevoeging—**maar** **bly** **so** **dors** **soos** 'n **spons**. Nie in hierdie vorm in Ndl. bekend nie, maar wel *Drinken gelijk een lauw* (visch) (Joos 13) en *Drink gelijk 'n snoek* (Teirl. 1-370). Invloed van Engels, nl. *to drink like a fish*, kom dus hier in aanmerking. Vgl. die paragraaf oor Engelse invloed. Kyk ook by Malh. 344.

Hy suip soos 'n bosluis. Vgl. *He suppt as en Ile* (Igel) (Eck. 447); *Er Süuft wie ein Igel*—gemeint ist der blutigel, wie dieser saugt er sich an die flasche und lässt nicht eher los, als bis er voll ist oder—die flasche leer (Sandv. 48).

Hy suip soos 'n Duitser (veral in Suid-Wes bekend). Vgl. *Er trinkt wie ein Deutscher* (Wander 4-1323).

Hy drink soos 'n padda (Pietersburg); vir soortgelyke uitdrukings wat op 'n verkeerde veronderstelling berus, vgl. Ndl. *Zuipen als een kater* (Kous.); Duits *He süpt as en Ilk* (Iltis) (Eck. 447). Kyk verder by hfst. 3(k).

Hy suip soos 'n Kaapse Hotnot; . . . soos 'n student; . . . soos 'n hele ,officer's mess' (Bloemfontein); . . . soos 'n matroos (Somerset-Oos); . . . soos 'n vraat (Stormberg); . . . soos 'n ketter (onder die Boere in Argentinië). Dergelyke toepassings op die verskillende be-roepe of groepe is baie algemeen. Vgl. *Hij zuipt gelijk een tempelier* (De riddermonniken werden om hun ongebonden en overdadig leven een spreekwoord) (Tuinm. 28); *Er sauft wie ein Bürstenbinden* (Frischb. 35); *Zoepen as 'n kreupel* (Molema 166); *Drinken gelijk een Polak* (Joos 13); *Er sauft wie eine Canaille* (Frischb. 35); *Drinken als een keteleer* (St. 1-195); *Zuipen als Piet Paaltjes* (De V.);

Eng. *To drink like a knight templar* (St. 1-195); „Zuipen lijk echte tempeliers” (Pallierter 185).

Hy suip brandewyn soos 'n mol se gat water. Iets soortge-lyks in Hgd. *Er sauft wie ein Loch* (Frischb. 35); *Die musikanten-kehle die ist als wie ein loch* (Sandv. 37).

Hy drink soos 'n vaatjie (Pietersburg); Vgl. *Er sauft wie ein Fass* (Frischb. 35).

Drink soos 'n tregter (Brits); Vgl. Vls. *Drink gelijk nen trechtere* (Teirl. 1-370).

Drink soos 'n waterpomp (Zeerust); . . . **soos 'n spons** (kyk by **Dors**). Vgl. *De arbeider drinkt als een spons* (De V.); *drinken gelijk een spons, eene kruik* (Joos 13); *He suppt as en Sprütt* (Spritze) (Eck. 447); *He sluckt as en Trechter* (Eck. 463).

Hy suip soos 'n kameel; vgl. *Er trinkt wie ein Kamel* (Wander 4-1323).

Kyk by Malh. 239 vir **Jy moet die koffie drink soos die kan hom skink**.

EET (VREET). Kyk ook by **HONGER**.

In teenstelling met die stamtale kom hier in Afrikaans geen vergelykinge voor in verband met persone of persoonsgroepe wat algemene gangbaarheid verwerf het nie. Die volgende is al gehoor:—**Eet soos 'n padwerker**; . . . **soos 'n weeskind**; . . . **soos 'n boerseun**; . . . **soos 'n koshuiskind**; . . . **soos 'n plaaskaffer**; . . . **soos 'n delwer**. Vgl. hiermee Ndl. *Eten als een delver* (Kous.); *als een dijker, een graver, een delver* (Joos 14); *Eten as 'n turfgraver* (Bergsma 22); *Eten as 'n dieker, as 'n sloatgroaver, als een dijkwerker, poldergast* (Molema 73); „*Eten assen dijcker*” (Sp. Brab. 1570); Hgd. *Fressen wie ein scheundrescher* (Sandv. 18); *Er frisst wie ein Bürstenbinder, wie ein Drescher, wie ein Lohgerber, wie die Rheingrafen* (Frischb. 71); *Hai frett as en Smitt, as en Diker* (Deicharbeiter) (Eck. 128); *He Frett as de Düwel* (Eck. 519).

Vir Ndl. „Hij eet als Overbeek” kyk by hfst. 3(h).

Vreet (eet) soos 'n wolf; . . . **soos 'n vark**; . . . **'n perd**; . . . **soos 'n hond**; . . . **soos 'n bees in jong veld**; (eet besonder veel). Vgl. Ndl. *Hij vreet als een schaaпshond* (Welters 117); *Eten als een verken, een wolf, een peerd, een beer* (Teirl. 1-409; Joos 14); „Hij at als 'n wolf” (Boefje 107); Hgd. *Er frisst wie ein Gerberhund* (Frischb. 71); *Er frisst wie ein wärwolf*—die redensart lehr̄t, dass dem volke die bedeutung des wärwolfs ziemlich abhanden gekommen ist, hier steht es lediglich für wolf (Sandv. 59); . . . *wie ein Wolf—wie ein Währwolf—He frett as e Roggewulf* (Danzig). (Der Roggewolf ist ein mythisches Wesen) (Frischb. 71).

Hulle eet nes varke (Sonder die gebruiklike dankgebed); Vgl. *As de zwiennen an de bak gaan* (aan den maaltijd gaan zonder een gebed te doen) (Molema 16).

Sy eet soos 'n voëltjie, sy pik net hier en daar; vgl. Hgd. *Er isst wie ein Vögelein* (Wander 1-898).

Eet soos 'n sywurm (aanhoudend eet); **Min eet soos 'n verliefde rot** (Springbok).

Iets opeet soos soet koek (smaaklik daaraan smul); nie te verwar met iets vir soet koek opeet nie.

FONKEL.

Fonkel soos sterre (algemeen); kyk origens by **BLINK** en **SKITTER**. Sy oë fonkel soos 'n mamba s'n (Vryheid).

GAAN.

In antwoord op die vraag: „Hoe gaan dit?” word dikwels gehoor: **So soos dit met 'n ou sukkelaar** ('n oumens—'n arm man) gaan, nog altyd op twee bene. Vgl. Hgd. *Wie geht's? Emmer op zwei Beene wie e ganter* (Frischbier).

Dit gaan met hom soos met die esel wat al die werk doen en net slae kry. Vgl. *Het gaat met hem als met de ezel die haver dragen en hooi eten*. (Van Dale 457).

Dit gaan maar weer van voor af aan (of: **Dan begin ons weer van voor af aan**), soos die koster met psalm 119. Vgl. *Dat gait al weer van veuren an, net as de koster van Garrelsweer*, wanneer niemand by herhaling iets beproeft, dat niet in den smaak valt van hen, die daarvan getuige zijn. 't Heet dat genoemde koster psalm 119 moest zingen, en telkens de wijs missende, uitriep: *van veuren of an* (Molema 222).

Te keer gaan soos 'n rasende (algemeen). „Ze gonk te keer as nen razende” (Kinderen van ons Volk 129).

Te kere gaan soos 'n wilde; . . . soos wilde diere; . . . soos barbare. Vgl. *Die kinder gaan doar te keer as wilden* (Molema 417); *Hij gaat aan als een Turk* (Harr. 384); *Hei geit an as 'n Türk* (Eck, 12). Vir laasgenoemde, en ander vergelykings met **Turk** kyk by hfst. 3(i).

Te kere gaan soos die Tommies op 'n Boerewerf (kyk by hfst. 3(j)).

GAAP.

Gaap soos 'n bakoond. Vgl. Ndl. *Dat gaapt gelijk een oven* (Joos 14); *'t Gaapt als een oven* (Quaadsprekende doen wel een mond op als een oven) (Tuinm. 229); *gapen als een hooischuur* (De V. Verz. Opst. 2—190).

* Gaap soos 'n gulp; . . . soos 'n vis; . . . soos 'n ou vrou in die kerk; . . . soos 'n snoeiskêr; . . . soos 'n kraai (vgl. so warm dat die kraaie gaap).

Gaap soos 'n afgrond.

GEDRA.

Hy gedra hom so stink soos 'n muishond. , , , 'n miershoop; Iemand gedra hom soos 'n bees, . . . 'n dier. Vgl. die toespeling op die Bybel in Ndl. *Zich gedragen als het beest uit de Openbaring.* (Herders. 12).

GROEI.

Groei soos gras (na die somerreëns): . . . soos Namakwaland se blomme; die kinders groei soos riete. Ndl. *Dat mast als kropsla* (Welters 84); *daien as rait* (groeien as riet) (Molema 167); *Groeien gelijk een boom, eene kool* (Joos 14).

Groei (opskiet) soos paddastoel (baie algemeen). Vgl. Ndl. *Te voorschijn komen als paddestoelen uit de grond* (De Vooys); *Groeien als wolvenbrood, paddestoelen* (Joos 14); Hgd. *Aufschliessen wie ein Pilz*; Lt. „Putantque hominis in omnibus tems et agris tamquam fungos esse generatos; seien allenthalben aufgeschossen wie die Pilze (Otto 150); „crevit, quicquid crevit, tamquam favus”, zusehends wie eine Honigrabe. Wir sagen: wie eine Pilz” (Otto 133).

Groei (vervuil) soos onkruid. Vgl. Vls. *Groeie gelijk kaa' kruid* (onkruid) (Teirl. 1-518).

Groei (uitsit) soos deeg. Vgl. *Groeien als deeg* (van kinderen) (Kous.).

Groei soos 'n klein hondjie. Vgl. „Die groeit als een jonge hond” (Sch. der Bergen 153).

Sover ons kon uitvind ken Afrikaans nie die volgende ironiese uitdrukkinge soos in Duits en Nederlands nie:—

Hi wast als die ripe garst (V. Fallersl. 26); *dai wasset as reife Gärste* (Dem Tode entgegen) (Seiler 94).

Groeien als een koeiestaart (achteruitgaan, niet toenemen, d.w.z. naar beneden gaan) (De Vooys); *Hai wasset as en Kaustiart* (nach der Erde zu) (Eck. 549). „Haec colonia retroversus crescit, tamquam coda vituli, wächst zu Boden wie ein Kuschschwanz, d.h. geht zurück.” (Otto 79).

HANG.

Hang soos 'n biltong; vgl. Hy klou soos biltong wat oor 'n doringdraad hang (Paul Roux).

Sy broek hang weer soos 'n grootuierkoei (kyk by hfst. 1).

Iemand se klere hang soos 'n sak aan hom. Iets soortgelyks in Ndl. *'t Hangt er om als nat hooi om een schuit* (van de kleeren van een meisje, als ze niet te best zitten) (den Eerz. in N.T.G. XI-308).

HARDLOOP. (Kyk ook by VINNIG).

Hardloop soos 'n perd; . . . soos 'n resiesperd; . . . soos 'n merrie wat 'n vul by die huis het. „Ondanks zijn vijftig jaar hardloop die ou so's 'n perd" (Die Br. 1911-408). Vgl. Ndl. *Rennen gelijk een paard, een veulen* (Joos 21); *Hij loopt als een paard voor de zweep; als een jachtmerrie* (Tuinman); Hgd. *Er rennt wie ein Reit-(Post-)pferd* (Wander 3-1656).

Hy loop soos 'n kolperd (Springbok).

Hardloop soos 'n windhond; . . . soos sewe windhonde nie kan hardloop nie. Vgl. Hgd. *Laufen wie ein windhund* (Sandv. 35); *Er läuft wie ein Scheisshund* (Seiler 260); *Er läuft wie ein Jagdhund* (Wander 2-1815).

Hardloop soos 'n haas; loop soos 'n haas voor 'n hond. Vgl. Vls. *Loope gelijk nen hase* (zeer snel) (Teirl. 1-19).

Hy loop soos 'n kolhaas. (Paul Roux).

Iemand stormloop soos 'n bees. Ndl. *Hij loopt als een dolle os* (Halma) (Ndl. Wdb. 2-1511).

„Haar gedachten holden rond als een mal schaap" (De Opstand. 187).

Hy hardloop soos 'n kiewiet. Vgl. Duits *He lüppt as 'n kiwitt* (d.w.s. vinnig) (Wander 2-1816).

Hardloop soos die hel, die duiwel, die swernoot. Vgl. „Die bles paerd loop als die swernoot" (deur J. du P. Sch. uit Cape of Good Hope Lit. Mag. van Oct. 1848 aangehaal in T.W.K. 13-322). Vgl. ook Engels: *He ran like hell*.

HELP.

Dit help soveel as 'n vyfde wiel aan 'n wa (kyk by Malh. bl. 356). Vgl. Ndl. *Het past als het vijfde rad aan den wagen* (Harreb. 2-208); Hgd. *Das passt wie das Fünfte Rad am Wagen* (Wander 7-1190); 17de-eeus: „Die souwenje passe, soo wel alsser vijf wielen an ien wagen doenen" (Van Moerk. 411). Hierdie uitdrukking wat alreeds in Latyn voorkom verskyn in die meeste Europese tale. Kyk by hfst. 3(c).

Dit help soveel as een druppel water in die see. Vgl. Ndl. *Dat helpt zooveel als een druppel water in de zee* (niets) (Joos 16).

Dit help net soveel as een bottel wyn op 'n bruilof; dit help net soveel as een mieliepit in 'n sak. Vgl. Ndl. *Dat is zooveel als een boon in een brouwketel* (Harreb. 1-79)—van een maatregel dat niet af-

doende is, niet helpt; ook Frans en ZuidNdl., vgl. St. 1-120 en Ndl. Wdb. 3-442; *'t maakt net zooveel als een vlieg in een brouwketel* ('t baat niets) (Welters 110).

Dit help net soveel as om die duiwel by die Satan aan te kla; dit help net soveel as 'n swart hond se omkyk (vgl. hfst. 3(k)).

Dit help net soveel as steek dit met 'n stokkie (hoegenaamd niks); dit help net soveel as ou Freek se skyt (vgl. hfst. 3(h)); vgl. Duits *Dat is so vel as wenn mi ene mütze steckt* (Wander 3-743).

Dit help net soveel as 'n bril vir 'n blinde; . . . as 'n afarm in die oorlog. Vgl. Ndl. *Het helpt zooveel als een himphamp op een mostermolen* (Boeken. 325); *'t helpt zooveel as 'n klink op 'n kraainest*: de in 't werk gestelde middelen baten niets hoegenaamd (Molema 204).

HOU (vgl. BEGEER).

Alleen die ironiese vergelykinge: Van iets hou soos 'n kat van water; . . . soos 'n esel van 'n tuig; . . . soos 'n kind van 'n skoolbank; . . . soos 'n Kaffer van 'n sambok. Vgl. Ndl. *Van iets houden gelijk de hond van den stok, gelijk de moordenaar van het schavot* (sch.) (Joos 16).

HUIL.

Huil (tjank) soos 'n hond in die maanlig. Vgl. Hgd. *Er bellt wie ein Hund beim Mondschein* (Wander 1-309); *Huilen gelijk een wolf, een hond, een bezetene* (Joos 16); *Janken gelijk een hond* (Joos 17); *Rören* (weinen) as en Roggewulf (Eck. 435).

Huil soos 'n klein kindjie, . . . soos 'n stout kind; Vgl. Ndl. *Janken gelijk een kind* (van eenen grooten mensch gezeid) (Joos 17); Hgd. *Sie weint wie ein kind* (Sandv. 31).

Hy blêr soos 'n verdwaalde lammetjie (huil); Vgl. *'t (kind) nukkert as 'n lam* (Molema 283).

INSLUK.

Die een politieke party het die ander ingesluk soos die walvis vir Jona (bekende gesegde). Kyk by hfst. 3(g).

Iets insluk soos 'n reier 'n padda (meestal figuurlik gebruik).

IS.

Hy is nes 'n waterhond, (soms met die toevoeging net waar hy kom daar vat hy grond). Hierdie uitdrukking word algemeen gebruik, dog nie altyd met dieselfde betekenisinhoud nie. Van al die betekenisnuanseringe is die volgende die bekendste: *Hy swem graag*

(goed); *hy is gehard teen siektes; hy skud moeilikhede lig van hom af; hy is oral tuis; hy pas hom maklik aan by omstandighede; hy is dikvellig.*

Die vergelyking met 'n waterhond is waarskynlik geërf, maar die betekenisontwikkeling is Afrikaans. Vergelyk vir alles in verband hiermee hoofstuk vier.

„Daar ek egter ni nukkerig fan maniere was nie, het ek baing o'ereen gekom met 'n waterhond wat elke leed so gou as moontlik is weer afskud" (O.K. 5-6). Vgl. Ndl. *Nat als een waterhond* (Joos 18); „Op een omzien stond hij uit te lekken lijk een waterhond en 't deed hem deugd" (Pallietier 35); Duits. *He schuddelt sück ass 'n Pudelhund, die út 'n Water kummt* (Eck. 471).

Hy is (staan, sit) nes 'n voël op 'n tak; hy is soos die wind waai. Kyk vir albei hierdie uitdrukkinge by Malh. 347.

Hy is soos 'n tarentaal, hy skree bankrot, maar sy krop bly vol (hy is gedurig insolvent, maar lewe lekker) (Ons Geselst. 265).

Hierdie uitdrukking wat volgens Von Wielligh van die Boland afkomstig is, word tans oor die hele land gehoor.

Hy is soos 'n bosluus, waar hy sit daar klou hy.

Hy is nes 'n bokooi, waar hy kom wil almal aan hom melk (elkeen wil 'n praatjie met hom aanknoop).

Hy is soos 'n bokkapater, hy loop nie sommer deur die water. Vgl. die volgende reëls van F. W. Reitz:—

„'n Spook is nes 'n bok-kapater,

Hy loop nie sommer in die water." (Kyk ook by hfst. 1).

Hy's nes 'n kat, hy kom altyd op sy pote af. Vgl. Ndl. *Hij slacht de katten, hij valt altijd op zijn pooten* (St. 2-179).

Hy is nes 'n haan wat vir die hen op ongerieflike plekke nes soek. (Sy planne is onuitvoerbaar) Mapochsland. (Ons Geselst. 265); waarskynlik net tot daardie streek beperk.

Hy's net so eentonig soos 'n kriek wat maar altyddeur dieselfde wysie sing. Vgl. Ndl. *Hij slagt den koekoek, hij zingt al den ouden zang* (St. 1-482).

Hy is soos Jantjie Volstruis, waar hy kom daar is hy tuis. (kyk by TUIS).

Hy laat altyd die deur oopstaan soos een wat in 'n matjies-goedhuis gebore is (Springbok).

Hy is nes 'n os wat gedurig met sy agterlyf teen die juk rem.

Hy is vandag weer soos 'n hond wat groen grassprietjies soek. (Ofskoon nie altyd in die vorm van 'n vergelyking nie, word hierdie uitdrukking taamlik dikwels gebesig wanneer 'n persoon ongereeldheid met sy maag ondervind). Vgl. Hgd. *Es ist so gesund, wie das Grass dem Hund* (Wander 1-1635).

Hy is nes 'n meelsak, as jy hom klop kom daar altyd nog iets uit. Die verduidelikende toevoeging word waarskynlik as algemeen bekend

beskou in die volgende aanhaling uit die 'Volksblad' van 1867: „Die dorpelinge denk as daar een flaag regen gefal het, dan is een boer nets meelsak” (Kyk by hfst. 2(a)).

Hy praat altyd uit sy beurt, nes die esel van Bileam. Vgl. Ndl. *Hij slacht Bileams ezel; hij spreekt voordat hij gevraagd wordt* (Van Dale 457; Lauril. 35). (Vgl. hfst. 3(g)).

Hy is nes 'n predikant, hy volg self nie die rigting wat hy aandui nie. Dieselfde gedagte word vertolk in die volgende Nederlandse vergelykings: *Hi slacht den pape: hi seghent hem selven ierst; hij slacht den backer, die dat broot in den oven stict ende blijft selven daer buiten* (H. von Fallersl. 27).

Hy is soos van Toet, as hy beter was dan was hy goed (Heilbron). (Kyk by hfst. 3(h)).

Dis nes water op 'n eend se rug. (vgl. Malh. 170). Rademeyer het op Kokstad onder die Griekwas gehoor: *Das nes water bo'n pielie se rug.* (Radem. 99).

JAAG.

Hy jaag soos die duiwel, soos die josie, soos die herrie. Laasgenoemde twee is albei verbloemde benaminge vir die duiwel. Vergelyk dieselfde willekeur in bv. **Hy is die duiwel in, die josie in, die herrie in.** Kyk verder by hfst. 3(k).

Hy jaag soos 'n warrelwind, 'n stormwind, 'n orkaan. „Hy jaag die perd soos 'n stormwind oor die velde” (Die Huisg. 20/10/'39).

JOK (kyk verder by LIEG).

Hy jok soos 'n bek (Dealesville, Vryheid, Pietersburg); 'n sinlose vergelyking, bloot terwille van die rym.

KEN.

Iets so goed ken soos die A.B.C., . . . soos die letters van die alfabet. (baie algemeen). Vgl. Ndl. *Ik ken dat als mijn A.B.C.* (Tuinm. 1-13); *het wordt hem zoo eigen als zijn alphabet* (Harreb. 1-9). (Kyk verder by St. 1-15).

Iets so goed ken as die Bybel. Vgl. Ndl. *Iets kennen gelijk den Väter Ons* (Joos 17).

Iemand so goed ken soos 'n hond sy eie baas. Vgl. Ndl. *Iemand kennen gelijk de hond zijn meester* (Joos 17).

Iemand so goed ken soos sy eie vlooië; minder kies lui dit: Ek ken hom so goed soos my eie gat. Vgl. Eng. *To know something like the palm of your hand*; Ndl. „'t Land kende hij als zijn broekzak” (De Vlasch. 76); *Het is hem zoo eigen als de muts met bellen aan den nar* (De C. Gebr. 200).

Iemand so min ken as die man in die maan, . . . die keiser van Abessinië, . . . die tsaar van Rusland ens. Vgl. Hgd. *Ich kenn' ihn nicht mehr wie den Kaiser von Fez und Marokko*; Eng. *To know one no more than he does the Pope of Rome* (Wander 2-1242).

KLA.

Kla soos **Jeremia** (algemeen). Vgl. Hgd. *Er klagt wie Jeremias* (Wander 2-1362).

Kla soos 'n boer wat deur die regering gehelp word.

Kla soos 'n rondloper-Jood. Vgl. *Kloagen as 'n arme juid* (Molema 167).

KLAP.

Dit klap soos 'n koeël, . . . soos 'n sweep; alleen in letterlike betekenis gebruik in teenstelling met Ndl. *Het klappt als een zweep* (stemt overeen) (Welters 94).

KLIM.

Klim soos 'n aap; klouter soos 'n kat. Vgl. Ndl. *Klimmen gelijk een kat, een aap, een matroos* (Joos 17).

KLINK.

Dit klink soos 'n klok (nie algemeen nie); waarskynlik 'n jongere vergelyking wat onder die invloed van geskrewe Nederlands ontstaan het. Vgl. *Het klinkt als een klok of bel* (Welters 90); *Eene redenering die klinkt als een klok* (St. 1-467); *Dat klinkt als een loode bel* (Tuinm. 84).

„Het klinkt zoo geweldig als een onweer” (Bartje 16); ook in Afr. bekend.

KLOP.

My hart klok vir jou soos 'n skaaplammetjie se stertjie (J. Platjie 140); **My hart klok** vir jou soos 'n dooie lammetjie se stert (Paul Roux); klaarblyklik 'n geërfde uitdrukking. Vgl. Ndl. *Mijn hart gaat als een lammerstaartje* (Verz. Opst. 2-191); Hgd. *Sein Herz zappelt wie ein Lämmerschwanz* (Wander 2-622); *Ihm wachet das Herz vor Freuden wie ein Lämmerschwanzchen* (Schrader 125); „Dwaze angst, die het hart laat bibberen als een lammetjesstaart” (Wilde Vaart 204).

Iets soortgelyks in die volgende: „Mijn hartje slaet als een vogel zijn naers” (V. Moerk. 434); *’t Hart klopt me als een ratkeutel* (Gronings) (De Vooy’s).

My hart klok vir jou nes ’n nat lap (J. Platjie 139); Vgl. Hgd. *Sein Herz ist weich wie Wischlappen* (Wander 2-622).

„Men rug klopt mej als een vuil eij” (Asselijn-Echtscheiding 35) (De Vooy’s).

My hart klok soos ’n kerkklok. Vgl. Ndl. *Zijn hart slaat hem als een smidswerk* (Harreb. 1-290); „Zijn hart sloeg als een waanzinnig geworden wekker” (M.G.’s Jeugd).

KLOU.

Klou soos klitsgras, . . . soos klits, . . . soos steekgras (algemeen bekend). Vgl. Ndl. *Aan elkander hangen als klitten* (Kous.); *An ’kander hangen as kladden* (Molema 166); *Zij hangen an’ kander as klarren* (klissenkruid) (zij zijn altijd eenswillend) (Molema 202); *Hij hangt aan als eene klit* (men weet niet van hem af te komen) (Van Dale 841). Kyk ook by St. 1-468.

„ . . . as die voorbode soos klitsgras bly sit aan ’n man se lyf” (Die Huisg. 13/10/’39).

„Soos klitsgras aan skaapwol het my mededinger aan die geselskap van die plaasdogter gekleef” (De Waal—Vers. Werke 6-101).

„Als klitten aan elkaar hangen tot in de uiterste familiegraad” (Stiefmoeder Aarde 158).

Klou soos ’n hongerige bosluis aan ’n koei; . . . soos ’n blou bosluis aan ’n rooi koei; . . . soos ’n weeluis (vgl. ook **kophou soos ’n weeluis**—Stellenbosch, Swellendam en omstreke). Vgl. Eng. *To cling like a leech*.

Klou soos ’n neet. „Hulle sit soos nete aan die boomstam vasgekrimp” (Die Huisg. 20/10/’39).

Klou soos die duiwel aan ’n siel. Vgl. Ndl. *Aan iets houden gelijk de duivel aan eene ziel, de bedelaar aan zijnen knapzak* (Joos 17).

Klou soos ’n wurm. „Vasklou soos ’n wurm aan ’n boom” (Meule van die Dae, 31).

Klou soos konfyt aan ’n wolkombers; . . . soos klei aan ’n rooi wolkombers (Paul Roux); **klou soos deeg.**

Klou soos ’n seekat; klou soos ’n katvel (hy het soos ’n katvel aan my gesit). Eng. *To cling like a limpet*.

Klou soos ’n pleister. „vaskleef soos twee hegpleisters” (De Waal — Vers. Werke 6-43).

Klou soos biltong wat oor ’n doringdraad hang (Paul Roux). **Klou** (vasklou-vashou) **soos ’n ,bull-dog’.**

KNYP.

Knyp soos 'n bobbejaan; . . . soos 'n tang; knyp (knel) soos 'n nou skoen; . . . soos 'n nou onderbaadjie; klere knel soos 'n naafband; knyp soos 'n skroef.

Iemand wat swaar hoofpyn het kla dat dit voel asof 'n ysterband om sy kop vasgeknel is.

KOM.

Kom soos 'n dief in die nag; Ndl. *Komen als een dief in den nacht* (Laurril. 78). Kyk vir vergelykinge aan die Bybel ontleen by hfst. 3(g).

Hy kom soos 'n vark by 'n Jodebruilof. Vgl. Hgd. *Er kommt wie die Sau in's Judenhaus* (Sehr ungelegen) (Frischb. 150). Vgl. by **,WELKOM'**.

Dat komt in huis gelijk de zon (onverwacht) (Joos 17). Vir soortgelyke Afrikaanse uitdrukkinge, kyk by **,AANKOM'**.

Hy kom soos 'n nul uit die Ooste (Wesselsbron). Kyk by hfst. 1.

KOOK.

Alleen in die figuurlike uitdrukking: **Hy kook oor** (van woede) soos 'n pot seep.

KOU. (Vgl. EET).

Hy kou soos 'n perd; . . . soos 'n perd aan 'n bekvol mielies (Vryheid, Dealesville).

KRIOEL.

Krioel soos miere, . . . soos vlieë, . . . soos vlieë op 'n vleisblok. „Die swartnasia krioel in die wildernis soos miere” (Die Brandw. 1910-362).

KYF.

Kyf soos 'n visserswyf. (Kyk verder by **PRAAT**).

KYK.

Kyk soos Piet Snot; **Hy kyk** als Pietsnot, aan de Kaap bekend, een onbeduidend mensch — van iemand die er onnoozel of zeer ontsteld uitziet (Mansv. 126). Vgl. Ndl. *Kijken als Piet Snot* (verbaasd zijn) (Welters 109; St. 2-158).

Kyk (sit, lyk) soos 'n uil op 'n kluit (baie bekend). Vgl. Ndl. *Kijken gelijk een uil op een kluit, gelijk een uil door een gootgat* (zuur en vies), *gelijk een uil in den dag* (sch.) (Joos 26); *Hij kijkt als een pad op een kluit* (verbluft) (Welters 109); *Kijken als een uil in doodsnoed* (De Vooy); *Hei kickt wie de Uhl ut em Schmolttopp* (Eck. 207; Frischb. 141).

Hy kyk so skelm soos 'n muis (meerkat) uit sy gat. Vgl. *He kikt sô klug út, as de Mûs in de Mehltien* (Mehltonne); *Hê kickt as 'n Mûs ut 'n Dinnk Hêd* (Eck. 259).

Alkant kyk soos 'n weeskalkoen (Springbok).

„En dan kan die ou nasie so fyn soos 'n bobbejaan met hulle ogies sien om netjies korrel te vat” (J. Platjie 148).

Hy kyk soos 'n koei oor 'n kraalhek (tuur in die verte). Vgl. Ndl. *Staan te kijken als een zeug voor het hekken* (Welters 109).

Hy kyk so ernstig soos die koster met nagmaal. Vgl. „Je kijkt als een doodbidder” (Stiefm. Aarde 382).

„Hij tracht te kijken als de vermoorde onschuld” (Wilde Vaart 223).

Hy kyk soos die duiwel wat 'n kruis gesien het. Vgl. Ndl. *Kijken gelijk een duivel die wijwater gelect heeft* (Joos 17).

Hy kyk asof hy my wil opeet; ook Ndl. *Hij ziet alsof hij mij wilde opeeten*.

Oormekaarkyk soos binneleisels (skeel kyk) (Päarl, Springbok, Moorreesburg, Heidelberg K.P., Louis Trichardt, Schweizer-Reneke, Porterville).

LAG.

Meestal in ironiese vergelykinge gebruik; bv. **Hy lag** soos 'n kind wat maagpyn het. Vgl. Ndl. *Lachen als een boer, die kiespijn heeft* (St. 1-527); „Pronk lachte terug als een boer, die kiespijn heeft” (Wilde Vaart 271); Duits *He lach wie ennen Bûr, den et Hûs af-brannt; He lacht as de Bûr, wenn he mit 'n Messforken kiddelt ward* (Eck. 305).

Hy lag soos 'n kat. Vgl. Eng. *to grin like a Cheshire cat* (Smith). Kyk by. hfst. 4.

Lag soos 'n hiëna; . . . soos 'n vriendelike bobbejaan; . . . soos 'n mal bobbejaan (Springbok).

Hy lag soos 'n perd wat wil byt; Vgl. Ndl. *Hij lacht als een paard dat bijten wil* (Tuinm. 306); Hgd. *Er lacht wie ein Pferd, das beissen will* (Wander 2-1749); heel gewoon in Bredero se klugte: „lachen as ien peert dat bijten wil.”

Hy lag soos 'n hond wat mosterd op sy tande het. (Kyk ook by SING). Vgl. soortgelyke uitdrukkinge in Nederlands:— *Lachen als een geit die 't schijten leert* (St. 1-104); *Lachen gelijk een schaap dat koolbladeren eet* (Joos 18); *Lachen gelijk een hond die slaag krijgt* (St. 1-527).

„Vrouw Boenderen lacht as een bok die brandnetels vreet” (Bartje 54); Vgl. *Hä läch we en Geiss, de Brenzeln friss* (Eck. 305).

LE.

Hy lê daar soos 'n dronk Hotnot; Daar lê hy soos 'n maer donkie in die droogte. Vgl. „Bly lê soos 'n esel wat deur weerlig getref is” (Sekelmaan 51).

„Hy lê net soos 'n bobbejaan wat die kriminele stuipe het” (O.K. 5-177).

LEEF.

Leef soos kat en hond (baie algemeen). Vir variante kyk by Malh. 230.

Leef soos 'n vis in die water; vgl. Ndl. *Hij leeft als een visch in 't water* (Tuinm. 302; Joos 18). Kyk verder by Malh. 344.

Hy leef soos 'n mossie in 'n daggasak (baie gelukkig) (Von W. 263); vgl. Ndl. *Leven as musken in 'n zand* (onbezorgd, ruim kunnen leven) (Molema 242); *Leven gelijk een vogel in 't kempzaad, een bietje in den honing, een haas in de klaveren* (Joos 18); Duits *Er lebt wie die Made im Speck* (Frischb. 165); *Hei lietwet äs de Vogel in der Himpsât* (Eck. 317).

Hy leef soos 'n ou-ooi in 'n lusernland; vgl. Ndl. *Een leventje hebben als een koe in de peen* (een zeer goed leventje) (F. den Eerz. in N.T.G. 14-248). Kyk vir soortgelyke uitdrukkinge by **GELUKKIG**.

Leef soos 'n koning, . . . 'n prins, . . . 'n „lord”, . . . 'n miljoenêr, . . . 'n student; vgl. Ndl. *Leven gelijk een prins, een koning, een millionnair* (Joos 18); *Een leventje als een pater, een sultan* (De Vooy); *Leven gelijk God in Frankrijk* (onbezorgd leven). Dit spreekwoord in Frankrijk onbekend, is daarentegen in de Nederlanden en Duitsland zeer gebruikelijk (De C.—Gebr. 275). Vgl. ook St. 1-275 vir verklaring hiervan; Duits *Er lebt wie ein Türke, ein Edelman* (Sandv. 35); *He lêwt as en Prins un . . . noch slechter* (Eck. 317).

Hy leef soos 'n hond (steur hom nie aan godsdienste nie); Vgl. Hgd. *Er lebt wie ein hund* (Sandv. 27); Fr. *Vivre comme un chien* (Wander 2-1862); „Hij leefde wat da aanbetreft net gelijk as 'nen hond” (Kinderen v.o. Volk 60).

Daarenteen word 'n baie gelukkige lewe aangedui in:—

Hy leef soos 'n oujongnooi se skoothond en Duits *He lewt wie den Kaptain sin Hund* (Lipperh. 499).

Hy leef so lank soos 'n vark in Palestina (Bloemfontein, Pietersburg).

Hy leef soos 'n kluisenaar (algemeen); Ndl. *Hij leeft als een arme kluisenaar* (Harreb. 1-418).

LIEG.

Lieg soos 'n tandetrekker. (Vir verklaring en variante sien Malh. 328) (ook Mansv. 160). Net so bekend is **Lieg soos 'n kwaksalwer**, ook reeds sewentiende-eeus, vgl. „Jij moet liegen as ien Quacksalver” (V. Moerk. 85). Onder die Boere in Argentinië waar hierdie uitdrukking nog bekend is, bestaan ook 'n gewysigde vorm, nl. **Lieg soos 'n pakkiesdokter**. Jan Steen se bekende skildery, **Die Kwaksalwer**, bied terloops ook 'n realistiese illustrasie van die ontstaan van hierdie vergelykings.

Ndl. *Liegen gelijk een kwakzalwer, gelijk een beurzesnijer* (De C.—Gebr. 246); Duits *Dat lügst du as 'n Schelm, 'n Snider* (Eck. 334); *He lügt wie ennen Bürgermeister, ein Zahnbrecher, ein Quacksalber* (Wander 3-274); Fr. *Il ment comme un arracheur de dents* (Wander 3-274).

Hy lieg soos 'n waarspreker (Franschhoek); **Hy lieg soos 'n diplomaat** (Carolina); **Hy lieg soos 'n ketter** (Klerksdorp); **Hy lieg soos 'n politikus, 'n advokaat, 'n parlamentslid**. Vgl. Ndl. *Liegen gelijk een ketter, schooier, Zwitser, barbier, zakkendrager* (Joos 18); *Liegen as 'n kruidkremmer* (kramer in kruidenierswaren) (Bergsma 22); Duits *He lügt wie e Leichenrede* (Schweiz); *Dat lügt he as en schelm* (Wander 3-271).

Vir Ndl. „Hij liegt als een wachter” kyk by **Bybelinvloed**, hfst. 3(g).

Hy lieg soos die koerant, soos 'n boek, asof dit gedruk is. Vgl. Ndl. *Liegen als een almanak* (St. 1-31); *De almanak en de courant brengen de leugens in de land* (Harreb. 1-13); *een almanak, een leugenzak* (Ndl. Wdb. 11-220); Hgd. *Er lügt wie gedruckt, wie ein buch* (Sandv. 37).

Hy lieg soos Ananias en Safira (Kyk by **Bybelinvloed**, hfst. 3(g)).

Hy lieg soos tien perde skop (vgl. Malh. 255); **Hy lieg harder as honderd perde kan hardloop** (Mansv. 97); **Hy lieg soos 'n perd nie kan skop nie; . . . erger as wat 'n perd agterop kan skop** (Springbok); **Hy lieg erger as tien perde kan hol** (Stormberg). Vgl. Duits *De kann mehr lêge, als tie joch Osse pflêge; He kann lêgn, as 'n Pârd löpt* (Eck. 335); *De kann mehr lêge als nôge Pêrd renne können* (Wander 3-271); *Er lügt wie ein Pferd laufen kann* (Wander 3-274).

Hy lieg soos 'n „Long Tom” skiet.

Hy lieg soos 'n goedkoop horlosie (Heilbron, Paarl, Marico, Jansenville, Warden, Boland ens., ens.; baie algemeen); **beslis 'n angliisme, of liewer 'n Amerikanisme**; vgl. *To lie like a dollar watch*.

Hy lieg erger as die duiwel; vgl. Hgd. *Er lügt wie ein rother Hund* (Wander 3-274). Kyk hiervoor by hfst. 3(k).

LOER.

Vir iemand loer soos die kat vir die muis; vgl. Ndl. *Loeren gelijk de kat op de muis, de vos op die kiekens, eene spin op de vlieg* (Joos 18). Kyk ook by BEGEER.

LOOP (Vgl. STAP).

Loop soos 'n hen wat nessoek (algemeen); „Jy loop rond so's 'n hoenderhen wat 'n nes seek” (Die Brandw. 1910-155). Vgl. Ndl. *Zij loopt rond als eene hen die een ei moet leggen* (weet niet wat te beginnen, is nu hier, dan daar) (Van Dale 436); *Loope gelijk 'n hinne die moe leggen* (Teirl. 1-219); *Hij loopt rond als een schijtenden hond* (heen en weer, of hij geen raad weet) (F. den Eerz. in N.T.G. XI-307):

Wydsbeen loop soos 'n veervoethen (Springbok); loop soos 'n hoender wat wintersvoete het (Laingsburg); Hy loop hier rond soos 'n hoender wat mieliepitte seek (Somerset-Oos); . . . soos 'n kapokhaantjie (manhaftig). Soortgelyke uitdrukkinge is o.a. Ndl. *Hij loopt als een haan die in den stront getrapt heeft* (Harreb. 1-226); *Hij loopter heen als een dol cuijcken* (Meijer 61); *Hij loopt als een haan over heete kolen* (Joos 18); Hgd. *Er geht wie ein gespannter Hühnerhahn* (Frischb. 79); *Wie der Hahn über die Kohlen läuft*, d.h. schnell, flüchtig (Schrader 3).

Hy loop soos 'n eend wat liddorings het (waggel); vgl. Ndl. *Zij loopt als een vette gans* (heeft een waggelenden gang) (Van Dale 491).

Sy loop soos 'n opgestepte kropduif (Vryheid); Hy loop soos 'n volstruis wat diamante optel (Zastron).

Hy loop soos 'n kiewiet (kyk by HARDLOOP); Vgl. Hgd. *Er kan laufen wie eine Wachtel* (Wander 2-1814).

Hy loop soos 'n troepeperd (trap hard, maak baie lawaai); Loop soos 'n perd wat halfkrone optel (struikel) (algemeen bekend, bv. die hele Vrystaat, Wolmaransstad, Chrissiesmeer, Pietersburg, Fort Beaufort ens.)

Loop soos 'n swak kalfie (Klerksdorp); Hy loop twee rye spore soos 'n varksog (Heilbron); loop soos 'n hond met die stert tussen die bene. Ook in ander tale is die vergelyking met diere baie bekend. Vgl. Ndl. *Loopen as 'n hond dei 'n heren* (haring) *in de bek het* (Molema 527); *Loopen as een os voor den bijl* (in je verderf loopt) (Ndl. Wdb. 2-1511); Duits *He geht wie ein Hingst* (Frischb. 85).

Hy loop soos 'n springhaas met 'n seer been (Springbok); vgl. Ndl. *Loopen as 'n spande hoaze* (Molema 527); Duits *He lüpft as 'n spannet* (gebundener) *Hase* (langsam) (Eck. 312); *Wie ein gespannter Hase gehen* (Wander 2-378).

Hy loop rond soos 'n briesende leeu (. . . soos die Britse leeu) (vgl. Malh. 251); **hy loop snags rond soos 'n roofdier**; **hy loop alleen soos 'n koedoebul** (Springbok); **kromrug loop soos 'n geilsiek haas** (Springbok) (vgl. deurskyn-ore soos 'n geilsiek haas wat oor die hele land bekend is; kyk by ORE); **loop (hardloop) soos 'n ribbok**.

Hy loop drieduimstreetjies soos 'n kwikstertjie (Vryheid); **hy loop soos 'n kiewiet**; vgl. Ndl. *Loopen as 'n stuk wild, loopen as 'n kieft* (Molema 321); Duits. *He löppt as 'n Kiwitt* (Eck. 312).

Hulle loop die hele land vol soos rooimiere; **hy loop soos 'n muis wat stink skoene vir kaas aangesien het** (vinnig) (Paul Roux).

Hy loop soos 'n kat wat op eiers trap (Paarl, Porterville en omgewing). Vgl. Ndl. *Hij loopt omme, als een vlieghe om den heeten brij* (Meijer 46); *Hij loopt weg als een kat, die het hoort donderen* (Welters 100); Hgd. *Er geht wie die Katze um den heissen brei* (Sandv. 31); Ndl. *Hij stap als een kater in de morgendauw* (De V.—Verz. Opst. 2-187).

Hy loop soos iemand wat op eiers trap (. . . asof hy op eiers trap); vgl. Hgd. *Er geht wie auf Eieren oder Kohlen* (vorsichtig, behutsam) (Schrader 3); *Er geht, als wenn er auf Eiern ginge* (Wander 1-7429); Ndl. *Hij loopt zoo snel of hij eieren in zijne schoenen had* (Wander 1-7429).

Hy loop soos iemand wat 'n goue eier (of: 'n hoenderbeentjie) **in die bank het** (Paarl, Porterville en omgewing); **Hy sit (staan) soos een wat 'n hoender in die bank het**. Kyk by STAAN.

Hy loop soos 'n duisendpoot wat liddorings het (Springbok, Bloemfontein); **die wingerd loop darem nou soos 'n duisendpoot** (baie vinnig).

Hy loop soos 'n dief. Ook in Ndl., vgl. Joos 18; *gaan gelijk een oordjesdief* (zeer snel) (De C.—Gebr. 303); *hij gaat op zijn voeten als een gauwdief* (Welters 100); Hgd. *Er geht wie ein Huhnerdieb* (er vermag seinem Nächsten nicht offen ins Auge zu sehen) (Frischb. 79). Vir Ndl. *Loopen gelijk een borzensnijder* vgl. St. 1-86; Hgd. *Laufen wie die bürstenbinder* (Sandv. 33); *Er läuft wie ein Fassbinder* (Frischb. 163).

Wegloop soos 'n slegte kaffer (Vryheid).

Loop soos die duiwel; vgl. Ndl. *Loopen gelijk een duivel die wij-water gezien heeft* (vluchten) (Joos 18); Hgd. *Er fährt wie der Teufel mit extrapost* (Frischb. 59).

Hy loop soos die ongeluk. Vgl. *Hei löppet äs det Unglück* (Wander 2-1817).

Hy loop soos iemand wat uit die drie letters (nl. B A R) kom (Springbok) (Eufemistiese uitdrukking vir 'hy is dronk').

Rondloop soos 'n veldperd, 'n veldmerrie (vry, los) (baie algemeen, veral in die Vrystaat). (Vgl. „Hy moet nie somar wild soos 'n veldperd rondloop nie” (Gister 69); „Die ou stap te lekker soos 'n wilde veldmerrie rond” (Meule van die Dae 45).

LYK.

In die meeste gevalle word hier vergelykinge met diere aangestref om 'n verslae, onaantreklike, woeste, verwilderde, dwase, belaglike, beteuterde of koddige houding aan te dui.

Aap: Hy lyk soos 'n aap in die maanskyn (verleë, sleg) (Springbok); . . . soos 'n verskrikte aap op 'n spyker (Vryheid). Vgl. Ndl. *Hij zag er uit als een geschoren aap* (Tuinm. 30); Hgd. *Er sieht aus wie ein geschorner Affe* (lächerlich) (Wander 1-202).

Bobbejaan: Hy lyk soos 'n bobbejaan wat die apiesstuipe wil kry; . . . soos 'n bobbejaan se wegspringplek; . . . soos 'n verskrikte bobbejaanwyfie (Vryheid); „Hy lyk resnawelwaar op een mannetjiesbobbejaan” (Colesberg Z.A. 26/2/'63; aangehaal deur J. du P. Sch. in T.W.K. 14-39). Vgl. Hgd. *Er sieht aus wie ein Zieselbär* (Wenn die Haare wild umherhängen) (Frischb. 71).

Bok: Hy lyk soos 'n armoed-boklam (bedremmeld) (Springbok). „Dis daarom mar 'n lelike ding so'n bok: Dis geen wonder dat die Here Jesus die vrome mense vergelyk by skape, en die goddelose by bokke (Mat. 24, 32, 33). So'n bok lyk 'n bitji na di Duiwel soos hulle hom gewoonlik afteken” (Eerste Afr. Printe Boek bl. 46).

Brommer: Hy lyk soos 'n brommer op 'n trapfiets, 'n uitgebrande brommer, 'n boepensbrommer op 'n trippelaarvark, 'n brommer met 'n bril (almal Zastron); Lyk soos 'n brommer op 'n boerbrood (klein in vergelyking met die ander); . . . soos 'n groen brommer in 'n koeistal (baie vet) (albei Paul Roux); Lyk soos 'n brommer op 'n beespens sonder 'n bril (koddig) (Springbok); . . . soos 'n broeis brommer op 'n afdraend met kamaste aan (Heilbron); . . . soos 'n brommer op 'n ,tube' (Stormberg).

Bul: Hy lyk soos 'n bul in 'n glaaskas.

Dassie: Hy lyk soos 'n dassie op 'n warm klip, (Paarl, Porterville).

Donkie: Hy lyk soos 'n donkie wat oor die kraalmuur loer (vir iemand met 'n hoë gestyfte boordjie aan) (Vryheid).

Gans: Hy lyk soos 'n skeel gans op 'n weerligaand (Paul Roux).

Haas: Soos 'n verskrikte haas lyk (met hare wat plat agteroor gekam is) (algemeen).

Hamerkop: Hy lyk soos 'n hamerkop wat onder gebooie staan (Springbok).

Hoender: Soos 'n natgereënde hoender lyk (Carolina); Vgl. Duits *Er sieht du, wie d' Hühner i Regn* (Wander 1-555).

Hy lyk soos 'n hoender wat ,boetson' (d.w.s. ,boots on') het; vgl. Hy lyk soos 'n veervoethoender (het 'n wye broek aan) (Springbok); lyk soos 'n verdwaalde hoenderhen in 'n haelstorm (Vryheid); Lyk soos 'n hoenderhen met kamaste (Vryheid); Lyk soos 'n sleggeplukte hoender, . . . soos 'n nat hoender (Springbok); Lyk soos 'n

bekommerde hoenderhen op 'n ashoop (Vryheid); lyk soos 'n hoender (kuiken) met uitgetrekte stertvere (Paarl, Porterville); (elders ook taamlik bekend).

Hond: Lyk soos 'n hond wat vet gesteel het (Vryheid); . . . soos 'n hond waarvan die kos afgeneem is (Carolina); . . . soos 'n kaalgeskeerde skoothond; vgl. Hgd. *Aussehen wie ein geschorener Pudel*; Lyk soos 'n hond met 'n stomp stert; vgl. Hgd. *Er seht aus wie ein Hund ohne zägel* (Frischb. 17).

Hotnotsgod: Hy lyk soos 'n hotnotsgod op 'n warm ploegskaar (Swellendam en omstreke); . . . soos 'n verdwaalde hottentotsgod in 'n koeliewinkel (Zastron); . . . soos 'n April-hotnotsgod wat versterkdruppels gekry het (beantwoord nie aan sy doel nie) (Laingsburg); . . . soos 'n hotnotsgod wat op 'n afdraend staan en skottelgoed was (Springbok); . . . soos 'n hotnotsgod op 'n snuifdoos (koddig) (Springbok); . . . soos 'n hotnotsgod op 'n warm klip (of: op 'n stoommasjien (Paarl, Porterville en omgewing).

Ietermagog: Hy lyk soos 'n ietermáogog. Vgl. Mahl. 59.

Kat: Hy lyk soos 'n verdrinkte kat. Reeds in die sewentiende eeu bekend; vgl. „Sie ick eens sien als een verdroncken kat” (Van Moerk. 255); „Hij sagter uit als een verdroncke kat” (V. Vloten 2-61). Vgl. ook „Hij slacht ons 'catte met luttel verstants” (Van Moerk. 1-173).

Hy lyk soos 'n wit kat wat aan die sonkant van die bos gelê het (Springbok); 'n Strikkiesdraer soos 'n Krismiskat (van iemand wat buitensporig aantrek) (Springbok); dieselfde gedagte aan opsigtige versiersels is ook opgesluit in die volgende vergelyking: *Hei sitt ut wie e Jahrmarktsoss* (Frischb. 181); Vgl. verder Duits *He sütt út as 'ne Katt, wenn 't donnert* (Eck. 27).

Kalf: Hy lyk soos 'n kalf wat van agter gedrink het (besmeerd) (Springbok). Vgl. D'r oetzijn as 'n schitterg schoap (van liederlike vrouens gesê) (Molema 367).

Koei: Lyk soos 'n Frieskoei wat sewe dae in die modder vasgesit het (algemeen bekend, bv. die hele Vrystaat, die Transvaalse hoëveld, Pietersburg, Brits, Fort Beaufort ens.); Lyk soos 'n poenskopkoei (met hare wat kort op die kop afgesny is). Vgl. *Er sieht aus, as en Osse, der dem Fleischhauer entlôpen is* (Eck. 26).

Kraai: Lyk soos 'n kraai met pouvere (in 'n oordrewe mate opgeskik) (Paarl, Porterville en omgewing).

Kriek: Lyk soos 'n kriek op 'n droë melkbos; . . . soos 'n kriek met kamaste aan (albei Springbok); . . . soos 'n kriegie met 'n tweelingkop (Paarl, Porterville en omgewing).

Luis: Hy lyk soos 'n luis op 'n kam; vgl. *Hä süht út wie en Lüs op en Botterwel* (Eck. 26).

Merrie: Sy lyk soos 'n merrie met 'n hansvul ('n groot vrou met 'n klein mannetjie) (Paul Roux).

Mier: Lyk soos 'n rooimier in katkesasieklere (Paarl, Porterville).

Muis: Lyk soos 'n muis op 'n goewermentsbrood (Dealesville); Lyk soos 'n verkleumde muis in die moreson (Vryheid).

Muskiet: Lyk soos 'n brandsiek muskiet wat in die winter op die damwal sit en kweek vreet (Zastron); hy lyk soos 'n witgepoelende muggie in 'n donderstorm (Heilbron).

Padda: Hy lyk soos 'n padda op droë grond (terneergedruk); . . . soos 'n kwaai brulpadda (Carolina); . . . soos 'n donderweer-paddatjie (klein, kort en dik) (Laingsburg); . . . soos 'n opgeblaaide padda; . . . soos 'n hartseer padda langs 'n droë fontein (albei Paarl, Porterville en omgewing). Vgl. Hgd. *Er sieht aus wie ein Frosch, der verdaut* (Wander 1-202).

Skilpad: Hy lyk soos 'n skilpad wat te veel kaboemielies geëet het (Bloemfontein, Barkly-Oos).

Sysie: Lyk soos 'n dikbeksysie (Petrus Steyn).

Uil: Hy lyk soos 'n vlei-uil (met 'n woeste baard); . . . soos 'n uilskuiken; soos 'n uil op 'n kluit.

Vark: Hy lyk soos 'n vark wat in die meelsak gevroetel het; Hy lyk soos 'n vark met 'n strooi in die bek (van 'n sigaretroker gesê). Vgl. Ndl. *De varkens loopen mit stroo in der bek* (as iemand buitenshuis uit 'n lang pyp rook) (Boeken. 1107). Vgl. Hgd. *Er seht aus wie Groschenferkel* (Frischb. 17).

Vink: Soos 'n rooibekvink lyk (van 'n dame met rooi lippe).

Vlieg: Lyk soos 'n perdevlieg met lang kouse aan (Zastron); . . .

Lyk soos 'n vlieg op 'n sousboon (van 'n fietsryer gesê) (Heilbron); vgl. Ndl. *Dat ziet er uit als een vlieg, die uit den inktpot komt kruipen* (Welters 83); **Lyk soos 'n vlieg wat in die karnmelk geval het** (met spierwit klere aan); vgl. *He sütt út as Kearnmealke* (Eck. 27); kyk verder by Malh. 346; **Hy lyk soos 'n dagvaring in 'n koppie karnmelk** (Swellendam en omstreke); vgl. *Er hat ein wahres Buttermilchgesicht; du siehst ganz ous wie Buttermilch mit Pflaumenmus* (Schrader 93); *Er sieht aus wie Milch und Blut* (er hat zarte, weisse Haut, und backen) (Schrader 93); Ndl. *Hij ziet er uit als melk en bloed* (Welters 98).

Vlooi: Hy lyk soos 'n vlooi met kamaste aan (Zastron).

Kyk by hfst. 1 vir die volgende groep vergelykinge met 'wilde-wragtig':— **Hy lyk soos 'n wildewragtig op 'n mikstok**; . . . **soos 'n wildewragtig op 'n klippaal** (Dealesville); . . . **soos 'n wildewragtig op 'n warm sousboontjie** (of: met 'n jas aan) (Swellendam en omstreke); . . . **soos 'n wildewragtig op 'n murgbeen** (of: op 'n wawiel) (Zastron); . . . **soos 'n wildewragtig op 'n hoekpaal** (Laingsburg); . . . **soos 'n makgemaakte wildewragtig** (Vryheid); . . . **soos 'n makgemaakte wildewragtig op skarnierbene** (Springbok); . . . **soos 'n wildewragtig op 'n ghriespaal** (Kranskop); vgl. ook **Hy lyk soos 'n ander ding wat ontsnap het**.

Hy lyk soos die duiwel vanself; Hy lyk soos die duiwel in 'n pikbalie (Wesselsbron) (kyk hiervoor ook by BANG en vgl. hfst. 3(k)); vgl. so verwaaid soos 'n bosduiwe!; Ndl. *Hij ziet er uit als een boschduivel* (Laurill 90). (Kyk hiervoor by hfst. 3(g)); *He sütt út as en Putt vul Düvels* (verdriesslich) (Eck. 27); *Sei sieht aus asse en Pöttchen vull Doüwels* (Eck. 28); *Er sieht aus wie ein Wald voller Teufel* (Wander 1-202).

Hy lyk soos een wat met die nagtrein gekom het; . . . soos een wat deur die katte verneuk is (Springbok); . . . soos een wat uit die wasgoedmandjie kom (Paarl, Porterville); . . . soos een wat 'n halfkroon verloor het en 'n tienie opgetel het (Springbok); . . . soos een wat 'n pond verloor het en 'n pennie opgetel het (Zeerust); . . . soos een wat in 'n meelsak was (spierwit); . . . soos een wat suur pruime geëet het; . . . soos een wat beet geëet het (rooi in die aangesig) (Al drie Springbok); . . . soos een wat deur die duiwel van die hand gewys is (Dealesville); . . . soos een wat tandpyn het (Paarl, Porterville).

Hy lyk soos een wat van die galg gewaai het (Jansenville); vgl. Hy lyk, alsof hy van die galg gewaai is (ziet er haveloos uit) (Mansv. 48); vgl. *Er uitzien alsóf men van de galg gedropen is* (Kyk by St. 1-235 waar variante ook genoem word); Duits *A sieht aos, as wan a vom Galgen gefallen wäre* (Wander 1-196).

Hy lyk soos een wie se kos deur die hoenders afgeneem is; vgl. Hy lyk net soos die hoeners sen kos afgevat het (Mansv. 126); vgl. Hgd. *Er steht da, wie wenn ihm der Hund das Brot genommen hätte* (rathlos) (Wander 1-560); kyk verder by Malherbe, bl. 205.

Hy lyk soos een wat nie tot drie kan tel nie. Vgl. *Hä süht út, as wan hä kaine drai tellen kön* (Wander 1-204).

Hy lyk soos 'n kaffer wat te veel mieliepap geëet het (Heilbron) (Vgl. Sy dra 'n bont sisrok soos 'n nuwejaarsmeid — Springbok); Hy lyk soos 'n wit Hotnot waf uit die hel weggevlieg het (rooi in die aangesig) (Paul Roux); vgl. Duits *He süt ut, as wenn he de Höll blaset hedde* (feuerroth im Gesicht) (Wander 1-206); *Er sieht aus, als wenn er dem Teufel aus der Bleiche entlaufen wäre* (sehr blass) (Wander 1-198).

Hy lyk soos 'n dominee wat op 'n mofskaap kerk-toe kom ('n groot man op 'n klein perdjie) (Heilbron); . . . soos 'n ou vrou wat verkoue in haar milt het (Bloemfontein); . . . soos 'n ontsnapte bandiet. Vgl. Ndl. *Er uitzien als een hoenderdief*, gezegd wanneer iemand onder een hoed met breeden rand als verscholen gaat (Ndl. Wdb. 6-811); Hgd. *Er sieht aus wie ein Huhnergreifer* (Frischb. 17).

Hy lyk soos 'n kerkhofdroster; vgl. Hgd. *Er sieht aus wie eine Leichenpredigt* (Sandv. 36); *Hä süht ús we de Dudegräver en Apost'ln* (Eck. 27).

Hy lyk soos 'n koning. Vgl. Ndl. *Hij ziet er uit als een koning* (Harreb. 1-432).